

Dinsdag 4 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 8:1-10; Matteus 21:12-17 (NAV)

Fokusgedeelte: Psalm 8:2, 3

Keur-koor

Met 'n uitbarsting van matelose lof begin hierdie naglied van 'n klein, verleë mensie soos ek en jy. Hoe kan jy en ek oor die drumpel van hierdie jaar stap sonder om “verswelg te word” deur hierdie sublieme lofsang? *Of*: Wil ons liever maar net oor die oneindige liefde van God en die oorstelpende weldade wat ons geniet, op ons ou aangeleerde, lou manier “suinig en koel” praat? (Lees maar wat Calvyn verder hieroor in sy verklaring sê.)

Saam met ons Geloofsbelydenis mág en móét ons die skepping nie net verstandelik soos 'n leesboek bestudeer nie, maar ons mag daardeur, soos deur note van 'n liedboek, meegesleur word om uitbundig te jubel oor die Naam van die HERE, ónse Here, soos dit deur sterrevelde glans. Wonderlike weerklanke van Genesis 1 eggo hier! Alles vibreer soos die snare van 'n kosmiese harp! Jy en ek kan dit byna nie glo dat God ons mensies – uit die stof van die aarde – só bevoorreg het om van óns voorsangers, konsertmeesters en dirigente van hierdie skeppingskoor te maak nie...

En tog – ondanks al ons sondige en verskriklike vertrapping en vernietiging van sy lug, sy aarde, sy diere – ontdek ons nog altyd nuwe lofstemme in God se skepping (sulke heersersgawes gee God aan mensekinders!): galaksieë waarvan die verbysterende “lof-lik” ons nou eers, ná duisende miljoene jare, aanvuur tot saamsing; groteske dinosaurusse wat bykans 65 miljoen jaar gelede in God se koor hulle skor stemme laat hoor het ...

Verbysterend wie God as *die keur van hierdie koor* verkies! Die Drieënige God bou sy hele magtige skeppingskoor op tot 'n oorwinningsmag deur dit op die sterkste “fort” (oorspronklike betekenis) te grond ... kleuters en suigeling wat “aan die borste van hulle moeders hang” (Calvyn).

Sing: Psalm 8-1:1-4

Dr. PP Kruger (Paul) (emeritus)